

Sondag 18 September

**Skrifgedeelte: Openbaring 19 (AFR53/83)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:11-16**

**Hou vas aan God se waarheid!**

Johannes sien 'n geopende hemel met 'n geweldige gesig. Die een kern van hierdie verse is dat die Ruiters van hierdie wit perde nie "naamloos" is nie: hy word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid (vs 1); en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hyself (vs 2); en sy Naam is die Woord van God (vs 3); die Koning van die konings en die Here van die here (vs 16). Alles wys heen na Jesus Christus, die Ware Oorwinnaar oor die dood en die sonde.

Ons sien ook hierin die raakpunte met die Evangelies oor HOE Jesus met die Paasfees in Jerusalem op 'n esel (donkie) gery het. Die Ware Dienskneg wat as die Ware Sagmoedige as Lam van God na Golgota gelei is. NOU is Hy die Ruiters, die Ware Oorwinnaar op die wit perd met al die name soos hierbo genoem wat elkeen vir ons openbaar wat Hy kom doen het as die Ware Paaslam van God. In die lig van sy "Getrou en Waaragtig" (vs 1) sien ons óók HOE Hy as die komende Regter sal optree. Niemand sal kan sê ons het Hom nie geken nie, ons het nie geweet nie! Twee duidelike tekste in die Nuwe Testament wat handel oor God se getrouheid en waaragtigheid is Romeine 1:20: *Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie.* En Romeine 14:11-12: *So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.*

Dit herinner ons aan ons Here Jesus se eie woorde in Matteus 5: *Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word (vs 6); Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien (vs 7); Salig is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele (vs 10).*

Hou vas aan God se waarheid ... hou vas aan dié waarheid ... hou vas aan sy Woord ...! Hou vas aan die Ruiters op die wit perde. Dit gee hoop!

*Sing: Psalm 25-1 5*

*Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)*